

7 Mei

1 Korintiërs 13:1-13, (Teks: 13:12)

Ons raaiselagtige werklikheid

Vir ons is daar baie vrae hier op aarde waarvoor ons nie antwoorde het nie. Hierdie vrae beantwoord Paulus wanneer hy sê: "Nou sien ons deur 'n spieël in 'n raaisel maar eendag van aangesig tot aangesig."

Die spieëls waarvan Paulus praat was baie anders as die spieëls van vandag. Die spieëls van daardie tyd was dowwe metaalspieëls wat nie helder was nie. In so 'n spieël het jy 'n verwronge beeld gesien. 'n Mooi persoon was lelik, 'n vet persoon maer en 'n lang persoon kort.

Net so is dit vandag wanneer ons na die werklikheid kyk. Vandag lyk God se almag soos onmag, sy liefde soos wreedheid, sy reg soos onreg. Ons kan dit nie begryp en verstaan nie. Daarom vra ons dikwels: "Waarom laat God al hierdie dinge toe?"

Moet ons as gelowiges dit so aanvaar? Nee, ons leef hier nie deur aanskouing nie, maar deur die geloof wat die onaansienlike sien. Geloof bevry ons van hierdie raaiselagtige werklikheid en skenk aan ons die berusting dat God regeer. Hy weet wat Hy doen. Hy maak nooit 'n fout nie. Al is sy weë vir ons vol raaisels. Ons weet, sy weg is die regte weg. Eendag, met die wederkoms, sal ons geloof oorgaan in aanskouing. Dan sal daar nie meer raaisels wees nie. Dan sal ons sien dat God se weg vir ons die beste was en dat alles vir ons ten goede meegewerk het. Ja, dan word al ons aardse vraagtekens blye uitroepetekens van God!

Sing: Psalm 33:6

Ds. P.J. van der Walt (Ladybrand/Tweespruit)